

Droomwerk:

Belangrikke vrae:

Indien God in alles is, kan ek hom in my drome vind?

Hoe luister ek na God deur drome?

Behoort my drome aan 'n gemeenskap en behoort 'n gemeenskap se drome aan my?

Hoe kan my drome 'n gawe wees vir myself, my familie en gemeenskap?

Drome is 'n spontane simboliese ervaring wat ek in my innerlike wêreld beleef terwyl ek slaap. Daar is geen bewustelike beheer oor die beelde, aksies, gedagtes, woorde of gevoelens nie. Daar kan dalk sterk assosiasies wees met mense en plekke, maar ons beskik oor geen inligting oor die bron of bewustelike toegang wat ons tot drome het nie. Binne die Judeo-Christelike tradisies is daar geglo dat God die bron is.

Dit is duidelik dat daar binne hierdie tradisies erns gemaak is om drome te verstaan en God se wil binne dit te soek. Vandaar die woord: "Droomwerk". Daar is 'n Joodse gesegde wat sê: "A dream unexamined is like a letter unopened", of anders gestel: Drome sonder droomwerk bly onvoltooide drome. Indien dit wel 'n brief is wat God aan ons stuur, moet ons dit belangrik ag, en dit lees!

Daar is oorweldigende klem in die Bybel op die rol van drome en visioene in mense se lewens. (Gen 15:12-21, Gen 28:10-22, Gen 37:5-11, Gen 40-41, 1Kon 3:5-15, 1 Sam 3:3-14, Job 4:12-21, Jes 6:1-13, Ese 1:4- 3:3, Ese 37:1-14 , Dan 2-4, Luk 1:11-20, Matt 1:20-21, Luk 2:8-14, 19-20, 22, Matt 3:16-17, Luk 9:28-36, Hand 9:3-9, Hand 10:3-21, Hand 16:9, 18:9, 23:11, 27:23.)

Ons lewe vandag in 'n tyd van materiële welvaart en tegnologiese gemak en vooruitgang met bitter min klem op die innerlike wêreld en belewenisse van drome, beelde of intuïsie wat ons ook kan lei in die waarheid. Hierdie wêreld was so belangrik vir Jode dat daar selfs gebede in die Talmud voorkom wat jou leer bid om God in jou drome te kan hoor.

Dit is duidelik dat God deur drome ons:

- nader bring aan ons eie lewens;
- roeping en verantwoordelikheid verhelder;
- bewus maak wat God in die wêreld doen;
- nader aan Hom bring;
- insig en leiding gee;
- onbewustelike dele, bewustelik maak;

- angs en vrese wil vervang met liefde, hoop en selfbeheersing;
- heel maak sodat ons heelheid 'n geskenk vir die wêreld is;

By InVia glo ons dat drome behoort ook tot die gemeenskap en dat dit 'n baie veilige ruimte is waar drome ondersoek kan word. Ons glo in 'n *temenos* (heilige spasie of sirkel) waar mense vanuit 'n diep plek (ware self) deur die Heilige Gees aan ander kan gee. Dit neem tyd en 'oefening' waar daar 'n diep vertrouwe gebou word.

Die proses verloop as volg:

1. Die droomgroep word geopen deur gebed of stilte. 'n Spirituele ritueel soos die aansteek van 'n kers, lui van 'n klok, of Christelike ritueel help om groepslede bymekaar te bring en die teenwoordigheid van God te erken.
2. Die groep kan dan 'n paar minute gebruik om "in te check" met mekaar. Dit is belangrik om iets te deel van jou lewe en emosies. Dit help om vertrouwe en verhouding te vorm in die groep.
3. Die fasiliteerder vra groepslede indien daar enige kommentaar, vrae, of terugvoer is oor die vorige ontmoeting se bespreking. 'n Kort bespreking van relevante aspekte van droomwerk kan volg. Die fasiliteerder of spesifieke groepslede kan ook 'n kort bespreking doen oor die wysheid van drome, met verwysing na Jungian sielkunde, mitologie, sprokiesverhale, Bybeltekste, of boeke oor relevante onderwerpe.
4. Die fasiliteerder vra die groepslede of daar enigiemand is wat 'n droom wil deel met die groep.
5. Groepslede kan vrywilliglik aandui of hulle 'n droom het om te deel. Verkieslik moet elke groepslid deur die loop van die tydperk wat hulle weekliks bymekaar gaan kom, 'n geleentheid kry om 'n droom te deel.
6. Die dromer kry dan geleentheid om haar droom met die groep te deel. Sy vertel die droom van begin tot einde sonder om onderbreek te word. Die droom word in soveel detail as moontlik vertel, sodat die groepslede die droom kan visualiseer asof hulle self die droom gehad het.
7. Dan kry die groepslede 'n geleentheid om die dromer uit te vra oor die inhoud van die droom. Let wel, die vrae handel oor die droom self, en nie oor die dromer se assosiasies en interpretasies van die droombeelde nie. Groepslede kan vrae vra oor verskillende aspekte van die droom, soos bv die kleure, reuke, emosies, kleredrag, ouderdom, geluide. Die doel is om die droom in soveel detail as moontlik te visualiseer en te ervaar, en so ook die dromer te stimuleer om die droom in detail te vertel. Tydens hierdie vraetyd, neem die groepslede notas en

begin werk aan hul interpretasies en assosiasies met die droombeelde, sonder om dit met die dromer te bespreek.

8. Die dromer kry dan weer 'n geleentheid om die droom in detail te vertel. Groepslede luister in stilte met hul oë toe terwyl hulle na die droom luister en dit vir hulself visualiseer.
9. Die dromer kan dan die groep se sirkel verlaat om simbolies vir die groep aan te dui dat die droom nou in die sorg van die groep is. Gewoonlik skuif die dromer haar stoel uit die sirkel of gaan sit doelbewus op 'n stoel buite die groepsirkel, en neem notas van die bespreking wat gaan volg.
10. Die groepslede het dan geleentheid om vrywilliglik hul assosiasies en interpretasies van die droom met mekaar te deel. Met elke groepslid se beurt om kommentaar te lewer, begin hulle deur te sê: "As hierdie my droom was..." gevolg deur hulle kommentaar. Hierdie woorde herinner almal dat dit hul eie projeksies en subjektiewe betekenis is wat deur die droombeelde ontlok is. Op geen stadium praat die groepslede direk met die dromer oor hulle interpretasies nie, en daar word geen direkte sielkundige advies aan die dromer gegee nie. Die groepslede bekyk en bestudeer die droom van alle kante, en gebruik mekaar se insigte en interpretasies om 'n raamwerk te bou van potensiële betekenis van die droom. Soms word daar teenstrydige of uiteenlopende interpretasies ontlok deur die droombeelde. Die gebruik van Jungian teorie en mitologiese beelde kan soms nuwe betekenis oopbreek. Maar baie keer is die mees intense insigte in die emosionele ervaring van die droombeelde.
11. Nadat die groepslede hul menings gelig het oor die droom, word die dromer dan terug verwelkom in die groep. Sy kry dan geleentheid om terug te rapporteer oor haar ervaring en nuwe insigte. Dit is haar vrywillige keuse om enige terugvoer te gee aan die groep, en sy moet nie onder enige druk geplaas word om terugvoer te gee nie. Soms kan die dromer aandui dat spesifieke interpretasies en kommentaar 'n diep indruk gemaak het. Groepslede respekteer hierdie kwesbare oomblik en lewer nie verder kommentaar en gee nie advies nie. Groepslede word ook afgeraai om na die afloop van die droomgroep verder met die dromer oor die droom te gesels sonder die uitnodiging van die dromer, nie. Die dromer is die persoon wat uiteindelik die finale besluit kan neem oor wat die betekenis van die droom vir haar is.
12. Die fasiliteerder herinner die groepslede dat hulle hul interpretasies van die simboliek in die droom op die droom geprojekteer het. Dit beteken dat die groepslede soms onbewustelik sekere betekenis aan droombeelde geheg het, wat iets ontbloot van hul eie innerlike wêreld. Dit is dus nie net die dromer wat baatvind by die droom nie, maar al die lede van die groep.



13. Na afloop van die gesprek oor drome, word die droomgroep herinner om aandag te gee aan verdere drome oor die temas wat na vore gekom het gedurende die ontmoeting. Die groep sluit dan af met gebed of 'n spirituele ritueel om die byeenkoms te beëindig.